## 16.26 RAPPORT 6 – DEPUTATE EKUMENISITEIT BINNELANDS – *TKR, NGK, NHKA, PL* (Art 208)

## 16.26 REPORT 6 – DEPUTIES ECUMENICITY INLAND – *TKR, NGK, NHKA, PL* (Art 208)

A. Ds PW Kurpershoek stel die Rapport.
Rev. PW Kurpershoek tables the Report.

B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
The Report is concluded while the Synod is in session.

C. **RAPPORT / REPORT**

| | |
|---|---|
| **1. Tussenkerklike Raad (TKR)** | **1. Tussenkerklike Raad (TKR) (Interchurch Council)** |
| 1.1 *Opdrag (Acta 2018:308-309, 1.3.2-1.3.3)* | 1.1 *Mandate (Acta 2018:308-309, 1.3.2-1.3.3)* |
| 1.1.1 Die te benoeme Deputate gaan voort om aan die Tussenkerklike Raad deel te neem en alle opdragte soos vervat in die Grondslag van die Tussenkerklike Raad uit te voer. | 1.1.1 The to be appointed Deputies continue to participate in the TKR and to execute all mandates as contained in the Founding Document of the TKR. |
| 1.1.2 Die te benoeme Deputate gee binne die Tussenkerklike Raad verder aandag aan die nodige wysigings van die Grondslag van die Tussenkerklike Raad en lê dit aan die volgende Sinode voor vir goedkeuring. | 1.1.2 The to be appointed Deputies continue to give attention within the TKR to the necessary amendments to the Founding Document of the TKR and table it before the next Synod for approval. |
| 1.2 *Vir kennisname* | 1.2 *To be noted* |
| 1.2.1 Gedurende die termyn was daar net een byeenkoms van die TKR en wel op 18 Julie 2019. Met hierdie byeenkoms in Pretoria is die Sinode van Dordt 400 jaar tevore herdenk. | 1.2.1 During the term there was only one meeting of the TKR – on 18 July 2019. With this meeting in Pretoria the 400 years anniversary of the Synod of Dordt was commemorated. |
| 1.2.2 Gedurende die termyn was daar net een vergadering van die Interimkomitee van die TKR – op 2 September 2021 op inisiatief van die GKSA. Alhoewel daar goeie voornemens was, het niks verder gerealiseer nie. | 1.2.2 During the term there was only one meeting of the Interim Committee of the TKR - on 2 September 2021 at the initiative of the GKSA. Although there were good intentions, nothing further materialized. |
| 1.2.3 Vir 'n sinvolle funksionering van die TKR, is dit tans nodig dat die bilaterale gesprekke met die NGK en NHKA eers plaasvind, waarin eerlik met mekaar gesels kan word oor die pad vorentoe. | 1.2.3 For a meaningful functioning of the TKR, it is currently necessary that the bilateral discussions with the NGK and NHKA first take place, during which earnest discussions will have to take place about the way forward. |
| **Besluit: Punte 1.1 tot 1.2.3 kennis geneem.** | **Decision: Points 1.1 to 1.2.3 noted.** |
| 1.3 *Vir besluitneming* | 1.3 *To be decided* |
| 1.3.1 Die te benoeme Deputate gaan voort om aan die Tussenkerklike Raad deel te neem en alle opdragte soos vervat in die Grondslag van die Tussenkerklike Raad uit te voer. | 1.3.1 The to be appointed Deputies continue to participate in the TKR and to execute all mandates as contained in the Founding Document of the TKR. |
| 1.3.2 Die te benoeme Deputate gee binne die Tussenkerklike Raad verder aandag aan die nodige wysigings van | 1.3.2 The to be appointed Deputies continue to give attention within the TKR to the necessary amendments to the |

| | |
|---|---|
| die Grondslag van die Tussenkerklike Raad en lê dit aan die volgende Sinode voor vir goedkeuring. | Founding Document of the TKR and tables it before the next Synod for approval. |
| **Besluit: Punte 1.3.1 en 1.3.2 goedgekeur.** | **Decision: Points 1.3.1 and 1.3.2 approved.** |
| **2. Bilaterale gesprek: *Nederduits Gereformeerde (NGK)*** | **2. *Bilateral discussion: Nederduits Gereformeerde Kerk (NGK)*** |
| 2.1 *Opdrag (Acta 2018:311, 4.3.1)* | 2.1 *Mandate (Acta 2018:311, 4.3.1)* |
| 2.1.1 Die te benoeme Deputate gaan voort met bilaterale gesprekvoering met die NGK. | 2.1.1 The to be appointed Deputies continue with bilateral discussions with the DRC. |
| 2.2 *Vir kennisname* | 2.2 *To be noted* |
| 2.2.1 Geen bilaterale gesprek het in hierdie periode plaasgevind nie. | 2.2.1 No bilateral discussion took place in this period. |
| 2.2.2 Ds C Aucamp het wel in Oktober 2019 ‘n groeteboodskap gebring by die 19de Algemene Sinode van die NGK. | 2.2.2 Rev. C Aucamp did convey greetings at the 19th General Synod of the DRC in October 2019. |
| 2.2.3 Die NG Kerk is deur ‘n moeilike tyd met hofsake oor hul besluite oor dieselfde-geslag-huwelike, wat baie van hul tyd en energie getap het. Daarmee saam is daar baie interne stryd ook, soos onder andere gesien kan word in die gebeure rondom die Kairos-netwerk. | 2.2.3 The DRC has experienced a difficult time with court cases regarding their decisions on same-sex marriage, which have taken up a lot of their time and energy. Along with this, there is also a lot of internal struggles, as can be seen, among other things, in the events surrounding the Kairos-network. |
| 2.2.4 Die implikasie van hierdie situasie is dat die Deputate van die GKSA graag met die NGK in gesprek wil tree, juis op grond van die Memorandum van Ekumeniese Verhouding. Hierdie Memorandum gee geleentheid om sake waaroor bekommer-nisse bestaan aan te spreek, maar ook om oop en eerlik te praat en mekaar broederlik by te staan. | 2.2.4 The implication of this situation is that the Deputies of the GKSA would like to engage in discussion with the DRC, on the basis of the Memorandum of Ecumenical Relationship. This Memorandum gives an opportunity to address matters of concern, but also to speak openly and honestly and to assist each other in a brotherly manner. |
| 2.2.5 In die afgelope tyd het hierdie gesprek egter nie gerealiseer nie. | 2.2.5 In recent times, however, this discussion has not materialised. |
| **Besluit: Punte 2.1 tot 2.2.5 kennis geneem.** | **Decision: Points 2.1 to 2.2.5 noted.** |
| 2.3 *Vir besluitneming* | 2.3 *To be decided* |
| 2.3.1 Die te benoeme Deputate gee indringend en dringend aandag aan bilaterale gesprekvoering met die NGK. | 2.3.1 The to be appointed Deputies give urgent attention to bilateral discussions with the DRC. |
| **Besluit: Goedgekeur.** | **Decision: Approved.** |
| **3. Bilaterale gesprek: *Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA)*** | **3. Bilateral discussion: *Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA)*** |
| 3.1 *Opdrag (Acta 2018:310, 3.3.1)* | 3.1 *Mandate (Acta 2018:310, 3.3.1)* |
| 3.1.1 Die te benoeme Deputate gaan voort met bilaterale gesprekvoering met die NHKA. | 3.1.1 The to be appointed Deputies continue with bilateral discussions with the NHKA. |
| 3.2 *Vir kennisname* | 3.2 *To be noted* |
| 3.2.1 Geen bilaterale gesprek het in hierdie periode plaasgevind nie. | 3.2.1 No bilateral discussions took place in this period. |
| 3.2.2 Ds C Aucamp het wel in September 2019 en Oktober 2022 | 3.2.2 Rev. C Aucamp did convey greetings in September 2019 and October 2022 |

| | |
|---|---|
| groeteboodskape gebring by die Algemene Kerkvergadering van die NHKA. | at the Algemene Kerkvergadering of the NHKA. |
| 3.2.3 Terwyl daar kort voor Sinode 2018 afsprake gemaak is oor kommissie wat moes saamwerk as voorbereiding vir 'n gesprek tussen die twee kerke se afgevaardigdes, het hierdie werk nie gerealiseer nie. | 3.2.3 While it was agreed shortly before Synod 2018 that a commission had to meet in preparation for a discussion between the two churches' delegates, this work did not materialize. |
| 3.2.4 Met elke vergadering van die Deputate moes 'n nuwe persoon aangewys word om leiding te neem om hierdie gesprekke te inisieer, aangesien die vorige persoon nie meer as Deputaat beskikbaar was nie. Gevolglik het die gesprekke gestol. | 3.2.4 With each meeting of the Deputies, a new person had to be designated to take the lead in initiating these discussions, as the previous person was no longer available as a Deputy. As a result, the talks came to a halt. |
| **Besluit: Punte 3.1 tot 3.2.4 kennis geneem.** | **Decision: Points 3.1 to 3.2.4 noted.** |
| 3.3 *Vir besluitneming* | 3.3 *To be decided* |
| 3.3.1 Die te benoeme Deputate gee indringend en dringend aandag aan bilaterale gesprekvoering met die NHKA. | 3.3.1 The to be appointed Deputies give urgent attention to bilateral discussions with the NHKA. |
| **Besluit: Kennis geneem.** | **Decision: Approved.** |
| **4. Parlementêre Lessenaar** | **4. Parliamentary Desk** |
| 4.1 *Opdrag (Acta 2018:309, 2.3.1)* | 4.1 *Mandate (Acta 2018:310, 3.3.1)* |
| 4.1.1 Dat die te benoeme Deputate die kontak en skakeling met die Parlementêre lessenaar van die NG Kerk voortsit, sou die Parlementêre lessenaar weer in die toekoms op enige wyse funksioneer. | 4.1.1 That the to be appointed Deputies continue the contact and liaison with the Parliamentary Desk of the NGK, should the Parliamentary Desk function again in any manner in future. |
| 4.2 *Vir kennisname* | 4.2 *To be noted* |
| 4.2.1 Geen aanduiding is verkry dat die Parlementêre Lessenaar gefunksioneer het nie. | 4.2.1 No indication was obtained that the Parliamentary Desk was functioning. |
| 4.2.2 Die Deputate het gevolglik nie gehandel nie. | 4.2.2 The Deputies consequently did not act. |
| **Besluit: Punte 4.1 tot 4.2.2 kennis geneem.** | **Decision: Points 4.1 to 4.1.2 noted.** |
| 4.3 *Vir besluitneming* | 4.3 *To be decided* |
| 4.3.1 Dat die te benoeme Deputate die kontak en skakeling met die Parlementêre lessenaar van die NG Kerk voortsit, sou die Parlementêre lessenaar weer in die toekoms op enige wyse funksioneer. | 4.3.1 That the to be appointed Deputies continue the contact and liaison with the Parliamentary Desk of the NGK, should the Parliamentary Desk function again in any manner in future. |
| **Besluit: Goedgekeur.** | **Decision: Approved.** |